# *UIT DIE PEN VAN DIE CEO (02/09)*

*Justin Chadwick (16 Januarie 2009)* *Citrus Growers Association (CGA)*

***GESEGDE VAN DIE DAG: "By the time that a man realizes that maybe his father was right, he usually has a son who thinks he's wrong" Charles Wadsworth***

## IDLE TIME, IDLE BRAINS

Twee inligtingstukke wat in die afgelope week ontvang is, het my laat besef dat daar mense is wat te veel tyd het. Die eerste was 'n artikel op " Mail On Line" getiteld "Orange drinks with 300 times more pesticide than tap water" – ek weet nou nie van julle nie maar as my kraanwater enige gifstof bevat sou ek bekommerd gewees het en ek sal verwag dat ALLE voedsel wat ek nuttig 300 maal meer as kraanwater sal bevat. Maar wag hiervoor … volgens die artikel bevat die drankies 17.4 dele per biljoen – en soos die verteenwoordiger van die produk sê "these findings should reassure consumers there is no safety issue here". Hopelik sal almal sulke sensasionele snert ignoreer.

Wat 'n bietjie meer kommerwekkend is (maar nie logies) is die oproep deur party Suid Afrikaanse NRO's vir die nodigheid van etiese oudits om te bepaal of werkers 'n menswaardige loon betaal word. Hierdie ledige persone het bepaal dat die regering se minimum lone is onleefbaar en wil nou hê dat supermarkte in die VK moet verseker dat 'n eiemagtige bepaalde lewenswaardige loon betaal word. Wat kommerwekkend is, is dat sommige VK supermarkte werklik bereid is om die NRO's by hierdie saak betrokke te maak. Dit is al voorheen gesê dat Suid-Afrika een van die mees progressiewe arbeidswette in die wêreld het - en die bepaling van minimum lone is na baie navorsing, konsultasie en raadpleging gedoen. Om te dink dat die regering 'n minimum loon sou instel wat nie lewenswaardig is nie, is absurd – en as dit nie reg sou wees nie is daar prosedures om te volg om dit wel reg te stel. Dat VK supermarkte kan dink dat hul beter kan bepaal wat 'n menswaardige loon moet wees is netso belaglik (en ietwat arrogant). En wat sal gebeur as verskillende NRO's druk uitoefen op verskillende VK supermarkte vir verskillende vlakke van menswaardige lone? Oudits sal 'n nagmerrie wees. En sal 'n menswaardige loon in Chilie van Suid-Afrika verskil? Wie sal die vlakke van jaar tot jaar monitor? En dan is daar ook die effek op werkloosheid. Wie is die stem van die werkloses? As die lewenswaardige loon beteken dat minder mense aangestel kan word sodat die begroting kan klop, wie gaan opstaan vir die mense wat nou bygevoeg word by die werklose groep? Kom ons gaan voort om vrugte van top gehalte te produseer, om aan die verbruiker teen bekostigbare pryse te lewer en om te verseker dat almal in die proses regverdig vergoed word.

## VERSKEPING

Enkele interessante statistieke aangaande verskeping in die 12 Januarie uitgawe van die Time tydskrif; die " Baltic Dry Index", wat die kostes van die verskeping van rou materiaal volg, het van 11 793 (beste ooit) in verlede Mei na onder 800 getuimel, 'n 22 jaar LAAGSTE. Die daaglikse verhuringstarief vir die grootste vragskepe het vanaf $234 000 in die vorige somer na minder as $3 000 geval in vroeg Desember – 'n 99% VERMINDERING. Sowat 200 skepe lê nou en luier, met baie meer wat hul waarskynlik hierby gaan aansluit wanneer hul huidige kontrakte afgehandel is. Om 'n houer van Hong Kong na Rotterdam te verskeep beloop nou 'n paar 100 dollars, die prys is af van meer as $2 500 in laat 2007. Daar was ook kansellasies van nuwe bestellings – een verskepingsmaatskappy het 'n deposito van $50 miljoen opgegee om 'n $530 miljoen ooreenkoms vir die aankope van 6 skepe te kanselleer.

Die wat besig is om hul verskepingstariewe vir die komende sitrusseisoen te onderhandel, moet hierdie ingedagte hou!!!

## NOORDELIKE HALFROND SITRUS

Syfers soos deur CLAM (Mediterreense sitrusbedryfsliggaam) van die Spaanse uitvoere tot op datum beskikbaar gestel is, is interessante leesstof. Alhoewel totale uitvoere tot op 10 Januarie slegs 4% laer is as dieselfde tyd verlede jaar, is dit lemoene wat met 14% af is en suurlemoene wat met 32% op is (hou ingedagte dat die 2007/8 Spaanse suurlemoen seisoen 'n ramp was). Daar was ook 'n verskuiwing in uitvoere weg van Rusland (af met 43%), Noorweë (af met 12%) en Switserland (af met 6%). Spaanse uitvoerders is definitief opsoek na nuwe markte – alhoewel die basis baie klein was, is uitvoere na die Verre-Ooste nou ses keer meer as dieselfde tyd verlede jaar, terwyl uitvoere na die Midde-Ooste verdubbel het. In Oos-Europa het uitvoere na Belarus met 20% toegeneem – dit is nou die 5de grootste invoerder van Spaanse sitrus (na EU, Switserland, Noorweë en Rusland). Die EU bly die belangrikste mark – verantwoordelik vir omtrent 50% van die uitvoere – met 'n 17% toename in uitvoere oor die 2007/8 seisoen (tot op datum).

Ongelukkig het die syfers wat van Israel en Egipte (tot 10 Januarie) ontvang is, nie vergelykings met die vorige seisoen ingesluit nie. Wat interessant is, is dat Israel 310 ton na Suid-Afrika uitgevoer het en 430 ton na Reunion. Ander suidelike halfrond bestemmings is Australië (717 ton) en Argentinië (430 ton). Rusland het 18% van die Israeliese sitrus geneem (12 000 ton), terwyl ander Oos-Europese bestemmings Lithuania (5 389 ton) en Oekraine (1 883 ton) insluit. Japan het 3 200 ton van Israel se pomelos geneem terwyl die res van die Verre-Ooste 1 390 ton van Israel se sitrus ingevoer het. VK (7 077 ton) en EU (23 000 ton) bly die belangrikste bestemming vir Israeliese sitrus – neem byna 50% van hul uitvoere. Die Nordiese lande het 3 000 ton van Israelse sitrus ingevoer. Omtrent 700 ton is na die VSA gestuur.

In die geval van Egipte het 80% van die uitvoere na Saudi-Arabië gegaan, met 'n verdere 18% na lande in die Midde Ooste.

Wat belangrik omtrent hierdie inligting is, is dat sitrus uitvoerlande vêr en wyd soek om nuwe markte vir hul produkte te bekom. Lande wat tien jaar gelede nie eens op die radar verskyn het nie, voer nou groot hoeveelhede sitrus in. Suid-Afrika het konstant nodig om vir nuwe markte te soek en om voort te bou op die momentum soos bepaal deur die noordelike halfrond se uitvoerders.

**JOU HEFFING WERK VIR JOU – PRODUSENTE SE HEFFINGS WORD AANGEWEND OM DIE AKTIWITEITE VAN DIE CGA, CRI EN SITRUS AKADEMIE TE BEFONDS**